Wes-Kaapse Regering

Weskaap Onderwysdepartement
Kurrikulum (VOO)

# HERSIENING 2026

## Kwartaal 1

# REKENINGKUNDE

## Graad 12

# Aktiwiteite

# SUKSES IN REKENINGKUNDE

Om jou sukses in Rekeningkunde te verseker **MOET** jy:

**1. Verseker dat jy die formate/uitleg KEN van die**:
- Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat)
- Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat)
- Kontantvloeistaat
- Produksiekostestaat
- Algemene Grootboekrekeninge, bv. Bateverkope, ens.
- Bankversoeningstaat

**2. VERSTAAN en KEN:**
- basiese Rekeningkundige konsepte, bv. inkomste, uitgawes, bates, laste, ens.
- reëls vir 'B E L'
- basiese berekeninge, bv. rente op lening/belegging, waardevermindering, ens.

**3. WERK DEUR soveel ou vraestelle en ander hulpbronne (bv Telematics materiaal) as moontlik. Doen die vrae oor en oor.**

**4.** Jou sukses in die finale eksamen sal afhang van hoeveel EKSTRA tyd jy aan jou voorbereiding spandeer het.

# BASIESE REKENINGKUNDIGE BEGINSELS (REËLS)

| Dt **BATES (B)** | Kt |
|---|---|
| Vermeerder met 'n debietinskrywing<br>+ | Verminder met 'n kredietinskrywing<br>- |

| Dt **LASTE (LB)** | Kt |
|---|---|
| Verminder met 'n debietinskrywing<br>- | Vermeerder met 'n kredietinskrywing<br>+ |

| Dt **EIENAARSBELANG (EB)** | Kt |
|---|---|
| Verminder met 'n debietinskrywing<br>- | Vermeerder met 'n kredietinskrywing<br>+ |

| **INKOMSTEREKENINGE** | |
|---|---|
| | Gekrediteer<br>(Inkomste ***vermeerder*** EB) |

| **UITGAWEREKENINGE** | |
|---|---|
| Gedebiteer<br>(Uitgawes ***verminder*** EB) | |

# KLASSIFIKASIE VAN REKENINGE

NIE-BEDRYFSBATES

**Tasbare/vaste bates**

- Grond en geboue
- Toerusting
- Voertuie

**Finansiële bates**

- Vaste deposito (langer as 12 maande)

BEDRYFSBATES

**Voorrade**

- Handelsvoorraad
- Verbruiksgoedere voorhande

**Handels- en ander ontvangbare bedrae**

- Debiteurekontrole
- Opgelope inkomste / inkomste ontvangbaar
- Vooruitbetaalde uitgawes

**Kontant en kontantekwivalente**

- Bank (DT)
- Kleinkas
- Wisselgeld
- Vaste deposito (minder as 12 maande)

EIENAARSBELANG

| UITGAWES | INKOMSTE |
|---|---|
| • Koste van verkope<br>• Rente-uitgawe<br>• Huuruitgawe<br>• Salarisse en lone<br>• Skryfbehoeftes<br>• Brandstof<br>• Verpakkingsmateriaal<br>• Herstelwerk<br>• Versekering<br>• Advertensies<br>• Korting toegestaan<br>• Telefoon<br>• Water en elektrisiteit<br>• Verlies met verkoop van bate<br>• Oninbare skulde<br>• Waardevermindering<br>• Handelsvoorraadtekort<br>• Voorsiening vir oninbare skulde-aanpassing (+) | • Verkope<br>• Lopende inkomste<br>• Rente-inkomste<br>• Huurinkomste<br>• Korting ontvang<br>• Oninbare skulde verhaal<br>• Wins met verkoop van bate<br>• Handelsvoorraad-surplus<br>• Voorsiening vir oninbare skulde-aanpassing (–) |

NIE-BEDRYFSLASTE

**(word oor meer as 12 maande terugbetaal)**

- Verbandlening
- Lenings

BEDRYFSLASTE

**(word in minder as 12 maande terugbetaal)**

- Handelskrediteure
- Oortrokke bank (KT)
- Korttermyngedeelte van lening
- Opgelope uitgawes/uitgawes betaalbaar
- Vooruitontvange inkomste

EIE NOTAS:

Oplossings: https://wcedeportal.co.za/eresource/109456

# PRE-TOETS

**TOTAAL: 25** **TYD: 20 minute**

**VRAAG 1**

Kies die korrekte **AARP beginsel** uit die onderstaande lys wat die stelling die beste pas. Skryf slegs die beginsel in die **ANTWOORDKOLOM.**

| |
|---|
| **lopende saak; paring; besigheidsentiteit; wesentlikheid; omsigtigheid; historiese koste** |

| | | ANTWOORD |
|---|---|---|
| **1.1** | Bates word aangeteken teen hulle oorspronklike kosprys en nie teen hulle vervangingswaarde nie. | |
| **1.2** | Finansiële inligting belangrik vir besluitneming, moet apart getoon word, bv rente uitgawes word geskei van bedryfsuitgawes. | |
| **1.3** | Inkomste en uitgawes moet in die korrekte finansiële periode aangedui word. | |
| **1.4** | Finansiële state word voorberei met die veronderstelling dat die besigheid sal bly voortbestaan in die nabye toekoms. | |
| **1.5** | Syfers moet realisties en konserwatief wees, bv netto debiteure, nadat voorsiening vir oninbare skulde afgetrek is. | |

**VRAAG 2**

Pas die term in KOLOM A met die beskrywing in KOLOM B. Skryf slegs die korrekte letter (A - F) in die **ANTWOORDKOLOM**.

| | KOLOM A | KOLOM B | | ANTWOORD |
|---|---|---|---|---|
| **2.1** | Vaste/ Tasbare Bates | **A** | Bedrae verskuldig wat oor ‘n tydperk langer as 12 maande afbetaal sal word. | |
| **2.2** | Bedryfsbates | **B** | Die finansiële resultate van ‘n besigheid se koop en verkoop aktiwiteite. | |
| **2.3** | Eienaarsbelang / Eienaarsekwiteit | **C** | Bedrae verskuldig wat binne 12 maande afbetaal sal word. | |
| **2.4** | Bedryfswins | **D** | Bates wat vir langer as een jaar gehou word om inkomste te genereer. | |
| **2.5** | Nie-bedryfslaste | **E** | Die netto waarde van ‘n besigheid op enige tydstip in die jaar (Totale Bates – Totale Laste). | |
| | | **F** | Bates omgeskakel in kontant binne een jaar. | |

**VRAAG 3**

Identifiseer die korrekte **Nota tot die Finansiële Staat** waarin elke item geplaas sal word. Kies uit die onderstaande lys en skryf jou keuse in die **ANTWOORDKOLOM**.

| |
|---|
| **Kontant en kontantekwivalente; Handel en ander ontvangbares; Voorraad; Vaste Bates; Handel en ander betaalbares; Gewone aandelekapitaal** |

| | | ANTWOORD |
|---|---|---|
| **3.1** | Eiendomsbelasting vir een maand vooruitbetaal | |
| **3.2** | Verpakkingsmateriaal voorhande aan die einde van die finansiële jaar | |
| **3.3** | Finale dividend verklaar | |
| **3.4** | Vaste deposito verval binne nege (9) maande | |
| **3.5** | Verkoop van vaste bates teen drawaarde | |

**VRAAG 4**

Voltooi die onderstaande sinne deur die korrekte term in hakies te kies. Skryf die term in die **ANTWOORDKOLOM**.

| | | ANTWOORD |
|---|---|---|
| **4.1** | Rente op oortrokke bankrekening is ‘n (bedryfs-/ finansierings-) uitgawe | |
| **4.2** | Bedryfsbates min Bedryfslaste is (totale / bedryfs-) kapitaal | |
| **4.3** | Die Ouditverslag dui aan: "*Met die uitsondering van ‘n paar aspekte, kan aandeelhouers vertrou op die syfers en resultate in die finansiële state*". Dit sal beskou word as ‘n (gekwalifiseerde / weerhouding van opinie) ouditverslag | |
| **4.4** | Die Staat van Omvattende Inkomste toon die finansiële (posisie/ resultaat) van die maatskappy. | |
| **4.5** | Die (Kontantvloeistaat/ Bankstaat) toon die effek van besigheidsaktiwiteite ten opsigte van kontantbronne van ‘n maatskappy. | |

**VRAAG 5**

Voltooi die onderstaande sinne deur die korrekte term uit die blok te kies. Skryf die term in die **ANTWOORDKOLOM**.

| |
|---|
| **behoue inkomste; belastingaanslag; uitgereikte aandelekapitaal; gemagtigde aandelekapitaal; aandeelhouersverdienste; voorlopige belasting; Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom (CIPC)** |

| | | ANTWOORD |
|---|---|---|
| **5.1** | Die ....... is die gedeelte van maatskappywins na belasting wat nie verdeel kan word aan die aandeelhouers nie. | |
| **5.2** | Die netto wins na belasting wat beskikbaar is om verdeel te word aan die aandeelhouers is die …………… | |
| **5.3** | Die .... reik ‘n registrasienommer aan maatskappye uit. | |
| **5.4** | Die bedrag van inkomstebelasting vir die jaar soos bevestig deur SAID wanneer hulle die …………uitreik. | |
| **5.5** | Die totale aantal aandele verkoop aan aandeelhouers. | |

**AKTWITEIT 1 (Terugkoop van aandele: Berekeninge, Grootboek & Notas tot Fin. State)**
**(30 punte; 20 min)**

Die gegewe inligting het betrekking op BAC Bpk. Hul finansiële jaar eindig elke jaar op 28 Februarie.

**Toon al die nodige berekeninge in jou ANTWOORDBOEK:**

1.1 Toon berekeninge VOOR die terugkoop van aandele op **1 Maart 2025.** (4)

1.2 Doen die berekeninge vir die terugkoop van die aandele op **1 Junie 2025**. (4)

1.3 Bereken die gemiddelde aandeelprys en die Netto Batewaarde per aandeel NA die terugkoop van aandele op **28 Februarie 2026**. (4)

1.4 Toon die nodige inskrywings in die Grootboek vir die jaar tot **28 Februarie 2026**. (14)

1.5 Voltooi die Behoue Inkomste-nota op **28 Februarie 2026**. (4)

**Inligting:**

**Grootboekrekeninge-saldo's op 1 Maart 2025**

| | |
|---|---|
| Gewone aandelekapitaal | R4 500 000 (750 000 aandele uitgereik) |
| Behoue inkomste | R1 200 000 |
| Bank | R1 100 000 |

**1 Junie 2025**
Die direkteure het besluit om R800 000 te betaal vir die terugkoop van 100 000 aandele.

**28 Februarie 2026**

| | |
|---|---|
| Netto wins voor belasting | R1 300 000 |
| Inkomstebelasting vir die jaar | R 390 000 |
| Dividende verklaar en betaal | R 260 000 |

**TOTAAL: 30**

**AKTWITEIT 2**: **(50 punte; 40 min)**

Die inligting met betrekking tot Cedar Bpk is vir die jaar geëindig 28 Februarie 2026. Cedar Bpk het 'n geregistreerde aandelekapitaal van 200 000 gewone aandele. 40% hiervan was nog nie 1 Maart 2025 aan die publiek uitgereik nie.

**GEVRA:**

2.1 Toon die effek van die transaksies hieronder op die Rekeningkundige vergelyking. Bank het te alle tye 'n gunstige saldo. Gebruik die tabel in die ANTWOORDBOEK.

2.2 Voltooi die Notas tot die Finansiële State vir die jaar geëindig 28 Februarie 2026:

- Gewone Aandelekapitaal
- Behoue inkomste

2.3 Die direkteure is nie seker of die prys van die nuwe uitgifte op 1 November 2025 redelik was of nie.

- Bereken die netto batewaarde (NBW) per aandeel op 28 Februarie 2026.
- Dink jy die direkteure het 'n goeie besluit geneem om die aandele teen R6.50 per aandeel uit te reik? Let daarop dat die NBW per aandeel vir die 2025 finansiële jaar 600 sent was. Voorsien TWEE redes vir jou antwoord.

### Inligting

### Saldo's op 1 Maart 2025:

| | |
|---|---|
| Gewone Aandelekapitaal | R400 000 |
| Behoue inkomste | R 30 000 |
| Aandeelhouers vir dividende | R 60 000 |

### Transaksies

**25 Maart 2025**

Eletroniese fonds oorplasings (EFO) is aan aandeelhouers gemaak vir die vorige jaar se finale dividende aan hulle verskuldig.

**31 Augustus 2025**

Die direkteure verklaar en betaal die tussentydse dividend van 25c per aandeel.

**1 November 2025**

Al die onuitgereikte aandele word uitgereik teen 650c per aandeel. Al die aandele is opgeneem en bedrae ontvang is gedeponeer.

**28 Februarie 2026**

- Die direkteure verklaar 'n finale dividend van 35c per aandeel. Al die aandeelhouers sal finale dividende ontvang.
- Die terugkoop van 20 000 aandele van bestaande aandeelhouers teen R7,50 per aandeel is goedgekeur. Die nodige EFOs is aan aandeelhouers gemaak.
- **Netto wins na belasting** vir die jaar is bereken op R420 000. Inkomstebelasting word teen 28% van die netto wins bereken.

**TOTAAL: 40**

**AKTWITEIT 3: (SAID (inkomstebelasting)) (16 punte; 12 min)**

Die SAID (inkomstebelasting)-rekening van Somerset Bpk is voltooi vir die finansiële jaar tot 28 Februarie 2025.

**GEVRA:**

**Beantwoord die vrae in die ANTWOORDBOEK.**

3.1 Verskaf 'n rede vir die debietinskrywing op 25 Maart 2024. (2)

3.2 Gee 'n moontlike transaksie vir die debietinskrywing op 25 Maart 2024. (2)

3.3 Wat is die totale inkomstebelasting-uitgawe van Somerset Bpk vir die huidige finansiële jaar? (2)

3.4 Bereken die saldo van SAID (inkomstebelasting) op 28 Februarie 2025. Toon jou bewerkings. (5)

3.5 Verwys na die saldo in Vraag 3.4 hierbo bereken. Dui aan of hierdie saldo 'n Bedryfsbate of Bedryfslas is. (1)

3.6 Toon die uitwerking op die rekeningkundige vergelyking van die transaksie op 28 Februarie 2025 vir R75 500. Voltooi die tabel in die antwoordboek. (4)

**INLIGTING:**

**ALGEMENE GROOTBOEK VAN SOMERSET BPK**
**BALANSSTAATAFDELING**

| **Dt** | | **SAID (Inkomstebelasting)** | | | | **B8** | **Kt** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2024 Maart | 25 | Bank | 12 000 | 2024 Maart | 1 | Saldo | 12 000 |
| 2024 Aug | 31 | Bank | 30 000 | 2025 Feb | 28 | Inkomstebelasting | 75 500 |
| 2025 Feb | 27 | Bank | 55 000 | | | | |
| | | | | | | | |

**16**



**AKTWITEIT 4** **(Aansuiwerings en Finansiële State)**

Die inligting het betrekking op Toni Bpk, wat geregistreer is met 'n gewone aandelekapitaal van 1 500 000 aandele. Hul finansiële jaar het op **30 Junie 2026** geëindig.

**GEVRA:**
Dui die invloed van elke aansuiwering (in jou Antwoordboek) op die betrokke finansiële staat. Gebruik die tabel in die ANTWOORDBOEK. Toon jou berekeninge tussen hakies.

**TONI BPK**
**Uittreksel uit die VOOR-AANSUIWERINGSPROEFBALANS op 30 JUNIE 2026**

| **Balansstaatafdeling** | **Debiet** | **Krediet** |
|---|---|---|
| Gewone aandelekapitaal (900 000 aandele) | | 1 870 000 |
| Behoue inkomste | | 120 000 |
| Verbandlening: South Bank | | 644 000 |
| Grond & geboue | 2 076 000 | |
| Toerusting | 256 000 | |
| Opgehoopte waardevermindering op toerusting | | 184 000 |
| Handelsvoorraad | 438 000 | |
| Debiteurekontrole | 80 000 | |
| Vaste deposito: Star Bank | 100 000 | |
| Voorsiening vir oninbare skulde | | 10 400 |
| Bank | 63 100 | |
| Krediteurekontrole | | 59 000 |
| SAID (Inkomstebelasting) | 47 000 | |
| SAID (LBS) | | 6 210 |
| Pensioenfonds | | 7 600 |
| **Nominale rekeninge** | | |
| Vekope | | 1 942 000 |
| Debiteure-afslag | 24 000 | |
| Koste van verkope | 1 080 000 | |
| Korting ontvang | | 1 530 |
| Salarisse en lone | 307 300 | |
| Direkteursfooie | 120 500 | |
| Advertensies | 11 700 | |
| Ouditfooie | 36 000 | |
| Rente op verbandlening | 31 200 | |
| Oninbare skulde | 2 800 | |
| Rente op vaste deposito | | 9 000 |
| Rente op lopende bankrekening | | 1 600 |
| Huurinkomste | | 78 400 |
| Versekering | 29 040 | |
| Divere uitgawes | 9 200 | |
| Dividende op gewone aandele | 60 000 | |

## AKTWITEIT 5 (Finansiële state) (dit volg op AKTWITEIT 4)

***LW: AKTWITEIT 5 volg op AKTWITEIT 4 en daarom moet Akt. 4 eers in detail VOLTOOI word voordat AKTWITEIT 5 gedoen kan word.***

Gebruik die inligting asook jou antwoorde in AKTWITEIT 4 om die volgende in jou ANTWOORDBOEK te voltooi:

5.1 Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat) LW: Begin deur die Bruto wins te bereken **(40)**
5.2 Vaste Bate-nota
5.3 Handel en ander ontvangbares
5.4 Die EKWITEIT- en NIE-BEDRYSLASTE-dele van die Staat van Finansiële Posisie.
**LW: Toon berekeninge duidelik en logies tussen hakies**

## AKTWITEIT 6 (Staat van Finansiële Posisie – formaat)

Verskaf die ontbrekende bedrae om die Staat van Finansiële Posisie in die **ANTWOORDBOEK** te voltooi.

## AKTWITEIT 7 (Staat van Finansiële Posisie - Notas) (40; 35 min)

Die inligting het betrekking op **MERRY BPK** op 28 Februarie 2025, die laaste dag van hul finansiële jaar.

**GEVRA:**

Voltooi die volgende notas tot die Staat van Finansiële Posisie:

7.1 Vaste Bates (25)
7.2 Gewone aandelekapitaal (8)
7.3 Handel en ander betaalbares (7)

| UITTREKSEL UIT DIE NA-AFSLUITINGSPROEFBALANS OP 28 FEBRUARIE 2025 | |
|---|---|
| | **R** |
| Gewone aandelekapitaal | ? |
| Grond en Geboue | 3 394 860 |
| Voertuie teen kosprys | 740 000 |
| Opgehoopte waardevermindering op voertuie (1 Maart 2024) | 82 000 |
| Toerusting | 380 000 |
| Opgehoopte waardevermindering op toerusting (1 Maart 2024) | 325 000 |
| Vaste deposito: Stark Bank | 225 000 |
| Bank (Dt) | 122 950 |
| SAID: Inkomstebelasting (Dt) | 50 000 |
| Lening: Spark Bank | 360 000 |
| Krediteurekontrole | 393 400 |
| Krediteure vir lone | 10 538 |
| SAID: LBS | 25 280 |
| Pensioenfonds | 38 750 |
| Opgelope inkomste | 14 000 |
| Opgelope uitgawes | 12 000 |
| Vooruitontvange inkomste | 19 800 |
| Aandeelhouers vir dividende | ? |

## AANSUIWERINGS en ander inligting:

**1. Gewone aandelekapitaal:**

- Die gemagtigde aandelekapitaal bestaan uit 5 000 000 gewone aandele.
- Daar was 2 500 000 gewone aandele uitgereik op 1 Maart 2024 teen R1,15 per aandeel
- 'n Verdere 500 000 nuwe gewone aandele is op 25 Maart 2024 teen R1,75 elk uitgereik. Hierdie nuwe aandeeluitreiking was behoorlik ingeskryf.
- Die direkteure het besluit om 312 000 aandele van aandeelhouers teen R2,00 per aandeel terug te koop. Die EFO is op 31 Augustus 2024 gemaak. Hierdie aandeelhouers sal nie finale dividende aan die einde van die jaar ontvang nie.

**2. Vaste Bates**

- **Grond & Geboue** is aangekoop op 31 Augustus 2024 vir R1 000 000. Dit was behoorlik ingeskryf op hierdie datum.
- **Voertuie**
  - 'n Nuwe voertuig is op 31 Desember 2024 vir R450 000 aangekoop en behoorlik ingeskryf.
  - Waardevermindering word bereken teen 20% p.j. op die verminderde saldo-metode.
- **Toerusting**
  - Sommige toerusting is oud en sal binnekort vervang moet word.
  - Waardevermindering word bereken teen 15% p.j. op die kosprys.

**3. Lening van Stark Bank**

Na verwagting sal R90 000 in die volgende finansiële jaar terugbetaal word.

**4. Inkomstebelasting**

R10 482 is nog aan die SAID verskuldig ten opsigte van die jaarlikse inkomstebelasting.

**5. Dividende**

- Tussentydse dividende verklaar en betaal op 1 September 2024, R300 000
- Finale dividende van 15c per aandeel is op 28 Februarie 2025 verklaar.

## AKTWITEIT 8 (Balansstaat + notes) (50 punte; 40 minute)

Die inligting hieronder het betrekking op BOB TAYLOR BPK vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025.

**GEVRA:**

8.1 Voltooi die **Behoue inkomste-nota** tot die Staat van Finansiële Posisie. (10)

8.2 Voltooi die **Staat van Finansiële Posisie** (Balansstaat) op 28 Februarie 2025.
(Toon bewerkings tussen hakies). (40)

### INLIGTING:

**A. Uittreksel uit die Vooraansuiweringsproefbalans op 28 Februarie 2025**

| | Debiet | Krediet |
|---|---|---|
| Gewone aandelekapitaal (900 000 aandele) | | R 4 050 000 |
| Behoue inkomste (1 Maart 2024) | | 345 000 |
| Lening: Vida Bank (1 Maart 2024) | | 750 000 |
| Vaste bates teen kosprys | R 4 350 000 | |
| Opgehoopte waardevermindering | | 650 520 |
| Handelsvoorraad | 258 740 | |
| Debiteurekontrole | 195 000 | |
| Voorsiening vir oninbare skulde | | 4 000 |
| Vaste deposito: Santa Bank | **?** | |
| Bank | 464 000 | |
| Krediteurekontrole | | 101 000 |
| SAID (Inkomstebelasting) | 364 000 | |
| Huurinkomste | | 80 150 |

**B. Addisionele inligting:**

(i) **Aandelekapitaal**

| | |
|---|---|
| 600 000 | Aandele is aan die beginvan die huidige finansiële jaar uitgereik (gemiddelde aandeelprys: R4,00). |
| 300 000 | Addisionele aandele is op 1 Mei 2024 teen R5,50 per aandeel uitgereik. |
| 75 000 | Op 28 Februarie 2025 is aandele teruggekoop vir R450 000. Dit **was nie** ingeskryf nie. Aandeelhouers is geregtig op 'n finale dividend. |

(ii) **Leningooreenkoms met Vida Bank:**

| | |
|---|---|
| Beginsaldo, 1 Maart 2024 | R 750 000 |
| Terugbetaling gedurende die jaar, rente ingesluit | 192 300 |
| Eindsaldo, 28 Februarie 2025 | 615 000 |

- Die rente op lening is gekapitaliseer.
- R125 000 van die lening sal in die volgende finansiële jaar terugbetaal word.

(iii) **Dividende:**

- 'n Tussentydse dividend van R240 000 is op 31 Augustus 2024 betaal.
- 'n Finale dividend van 28c per aandeel is op 28 Februarie 2025 verklaar, maar nog nie ingeskryf nie.

(iv) **Die volgende aansuiwerings moet nog in die Staat van Finansiële Posisie in berekening gebring word:**

- Ouditfooie nog uitstaande op 28 Februarie 2025, R19 000.
- 'n Debiteur wat R6 500 skuld, is insolvent verklaar, maar geen inskrywings is nog gemaak nie.
- Die voorsiening vir oninbare skulde moet verhoog MET R1 500.
- Verbruiksgoedere voorhande, R2 180.
- Februarie 2025 se huur is nog nie ontvang nie. Let daarop dat die huur met 15% verhoog is vanaf 1 November 2024.

(v) **SAID (inkomstebelasting):**

- Inkomstebelasting vir die jaar word bereken teen 28% van die netto wins.
- Netto wins voor belasting (nadat alle aansuiwerings in ag geneem is) het **R1 250 000** beloop.

**65**

## OUDITVERSLAE

**AKTWITEIT 9 (Ouditverslae - begrippe)**

**9.1** Kies die ouditmening in KOLOM B wat die soort ouditverslag in KOLOM A die beste beskryf. Skryf slegs die letter ( A – C) in die Antwoordkolom in the **ANTWOORDEBOEK**.

| | KOLOM A | KOLOM B (opinion) | |
|---|---|---|---|
| **9.1.1** | Gekwalifiseerde ouditverslag | **A** | Volgens ons mening, weerspieël die finansiële state in alle materiële aspekte 'n redelike weergawe van die finansiële posisie van Shabba Bpk soos op 28 Februarie 2023. |
| **9.1.2** | Ongekwalifiseerde ouditverslag | **B** | Ons was nie in staat om genoegsame ouditbewyse te verkry vir ‘n ouditmening nie. Vervolgens spreek ons nie ‘n mening uit oor die finansiële state van Khothule Bpk. vir die jaar tot 28 Februarie 2023 nie. |
| **9.1.3** | Weerhoudingsverslag (weerhouding van mening) | **C** | Volgens ons mening, behalwe vir die effek van die ongemagtigde rentevrye lening aan die Hoof Uitvoerende Beampte (HUB), weerspieël die jaarlikse finansiële state ‘n redelike weergawe in alle materiële aspekte van die finansiële posisie van Dai Bpk. |

**9.2** Voltooi die sinne in KOLOM A met die korrekte terme uit KOLOM B. Skryf slegs die letter (A – E) in die Antwoordkolom in die **ANTWOORDEBOEK.**

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| **9.2.1** | Die …………. toon die mening wat aandui of die finansiële state korrek is en 'n geloofwaardige weergawe is van die maatskappy se finansiële resultate | **A** | Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS) |
| **9.2.2** | Die …………. bevat riglyne vir die opstel van finansiële maatskappystate om 'n mate van eenvormigheid te verseker | **B** | SAID-verslag |
| **9.2.3** | Die ………..... lewer kommentaar op die finansiële posisie en huidige status van die maatskappy. | **C** | Oudit-steekproefneming |
| **9.2.4** | …………………word gedoen wanneer die ouditeure sekere items kies uit die totale beskikbare ouditbewyse kies om in die ouditproses te gebruik. | **D** | Direkteursverslag |
| | | **E** | Onafhanklike ouditverslag |

**9.3** Lees die uittreksel uit die onafhanklike ouditverslag van Sumba Bpk. en beantwoord die vrae in die **ANTWOORDBOEK**:

> **UITTREKSEL UIT DIE OUDITVERSLAG VAN SUMBA BPK**
>
> Ons het bevind dat interne beheerprosedures nie nagekom is nie en dat dokumentasie vir 'n beduidende gedeelte van die transaksies getoets, nie bestaan het nie.
>
> As gevolg van die gewigtigheid van die saak wat in die vorige paragraaf beskryf word, kon ons nie genoeg ouditbewyse bekom om as basis vir 'n ouditmening te dien nie. Gevolglik spreek ons nie 'n mening uit oor die finansiële state vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025 nie.

**9.3.1** Verduidelik waarom die Maatskappywet van publieke maatskappye vereis om deur 'n onafhanklike ouditeur ge-oudit te word. Gee EEN rede.


**9.3.2** Die ouditverslag is 'n voorbeeld van 'n (gekwalifiseerde/ ongekwalifiseerde/ weerhouding-van-mening-) ouditverslag.

**9.3.3** Aan wie is die ouditverslag gerig? Gee 'n rede vir jou antwoord.

**9.3.4** Verduidelik waarom hierdie ouditverslag waarskynlik 'n negatiewe uitwerking op die waarde van die maatskappy se aandele op die JSE sal hê.

# KONTANTVLOEISTATE

| | |
|---|---|
| **Hoofdoel** | Om die EFFEK van besigheidsaktiwiteite op die KONTANTBRONNE van die maatskappy uiteen te sit |
| **Inligting wat nodig is om die KVS op te stel** | • Staat van Omvattende Inkomste (IS), en<br>• Staat van Finansiële Posisie (BS) |
| | Die inligting / bedrae word 'herrangskik' in die KVS. |
| | Die IS word VIR 'n finansiële jaar opgestel - bedrae kan dus gebruik word net soos dit gegee is |
| | Die BS word OP 'n sekere datum opgestel - die effek op kontant moet dus BEREKEN word [huidige jaar - vorige jaar] bv.<br>2025-bedrae min 2024-bedrae vir die Netto verandering in Kontant & Kontantekwivalente |
| **ALLE besigheids-aktiwiteite kan in DRIE soorte aktiwteite ingedeel word** | • Bedryfsaktiwiteite - behoort positief te wees as die mpy suksesvol is<br>• Beleggingsaktiwiteite - word beïnvloed deur direkteursbesluite<br>• Finansieringsaktiwiteite - word beïnvloed deur direkteursbesluite |
| **Bedryfsaktiwiteite** | ○ Die belangrikste aktiwiteite wat inkomste verdien, wat die maatskappy se sukses sal aandui omdat dit verband hou met die HOOFrede vir die ontstaan van die mpy (bv. verkoop skoene teen 'n wins)<br>○ **Voorbeelde**: koop & verkoop van voorraad; betaling van krediteure; ontvang betalings van debiteure; betaal bedryfsuitgawes (lone, ens.); betaal SAID vir inkomstebelasting; betaal die aandeelhouers vir dividende |
| **Beleggingsaktiwiteite** | ○ Aktiwiteite wat die vestiging van infrastruktuur in die mpy behels sodat die mpy meer inkomste kan verdien / produktiwiteit kan verbeter<br>○ **Voorbeelde**: aankoop/verkope van grond & geboue / voertuie / toerusting; vaste depositos (kan 'ekstra' inkomste verdien met rente) |
| **Finansieringsaktiwiteite** | ○ Aktiwiteite waar die mpy se infrastruktuur gefinansier word (kapitaalverkryging).<br>○ **Voorbeelde**: uitreik van nuwe/nog aandele; terugkoop van aandele; verkryging van lenings; terugbetaling van 'n lening |



**AKTWITEIT 10** (Basiese kennis van KVS-aktiwiteite)

Voltooi die tabel deur 'n merkie in die toepaslike kolom te maak. Die eerste een is vir jou gedoen.

| | Beskrywing van transaksie | Bedryfs-aktiwiteit | Beleggings-aktiwiteit | Finansierings-aktiwiteit |
|---|---|---|---|---|
| 1 | **Koop goedere op krediet** | ✓ | | |
| 2 | Verkoop goedere aan ’n debiteur | | | |
| 3 | Debiteur vereffen sy rekening | | | |
| 4 | Maatskappy genereer fondse deur nuwe aandele uit te reik | | | |
| 5 | Plaas surplus fondse in ’n vaste deposito | | | |
| 6 | Koop meer vaste bates aan | | | |
| 7 | Betaal ’n krediteur | | | |
| 8 | Gaan ’n lening by ’n bank aan | | | |
| 9 | Betaal ’n gedeelte van die lening terug | | | |
| 10 | Betaal salarisse | | | |
| 11 | Betaal Inkomstebelasting | | | |
| 12 | Onttrek fondse uit ’n vaste deposito wanneer dit verval | | | |
| 13 | Ontvang fooi-inkomste vir dienste gelewer | | | |
| 14 | Verkoop vaste bates wat verouderd geraak het | | | |
| 15 | Maatskappy koop aandele van aandeelhouers terug | | | |

**AKTWITEIT 11** **(Kontantvloeistaat)**

11.1 Wat is hoofdoel van 'n Kontantvloeistaat?

11.2 Verwys na die Vaste bate-nota by **INLIGTING C**.

Bereken die ontbrekende bedrae (deur a, b, c & d aangedui) in die Vaste/Tasbare Bate-nota vir die jaar tot 31 Oktober 2025.

11.3 Voltooi die Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 31 Oktober 2025. Toon ALLE bewerkings tussen hakies.

11.4 Die direkteure het meer aandele uitgereik en vaste bates verkoop om die kontantvloei te verbeter. 'n Aandeelhouer, John Smith, het hulle gekritiseer vir hierdie besluite.

Vir elke besluit:

- Verskaf 'n rede om John se mening te ondersteun.
- Behalwe vir die verbetering van kontantvloei, verskaf 'n ander rede vir die direkteure se besluite.

## INLIGTING:

**A. Die volgende inligting is geneem uit die Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat) vir die jaar geëindig 31 Oktober 2025:**

| | |
|---|---|
| Rente on lening (alles gekapitaliseer) | 175 500 |
| Inkomstebelasting | 375 000 |
| Netto wins na belasting | 975 000 |

**B. Inligting geneem uit die Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat):**

| | 31 Oktober 2025 | 31 Oktober 2024 |
|---|---|---|
| **Bedryfsbates** | **4 804 000** | **2 820 000** |
| Voorraad | 1 437 500 | 1 656 250 |
| Handel en ander ontvangbares (sien D) | 1 075 000 | 956 250 |
| Kontant en Kontantekwivalente | 2 291 500 | 207 500 |
| **Gewone Aandeelhouersekwiteit** | **4 450 000** | **4 000 000** |
| Gewone aandelekapitaal (sien F) | 3 450 000 | 3 150 000 |
| Behoue inkomste | 1 000 000 | 850 000 |
| **Lening: Freeport Bank (12% p.j.)** | **2 000 000** | **1 375 000** |
| **Bedryfslaste** | **1 450 000** | **1 262 500** |
| Handel en ander betaalbares (sien E) | 1 450 000 | 1 262 500 |

**C. Vaste / Tasbare bates:**

| | Grond & geboue | Voertuie | Toerusting |
|---|---|---|---|
| **Drawaarde - begin van fin. jaar** | **3 000 000** | **660 000** | **?** |
| Kosprys | 3 000 000 | 900 000 | ? |
| Opgehoopte waardevermindering | 0 | (240 000) | (52 500) |
| **Bewegings** | | | |
| Toevoegings teen kosprys | 0 | 0 | 48 000 |
| Vervreemdings teen drawaarde | **(a)** | **(c)** | 0 |
| Waardevermindering | 0 | **(b)** | (55 500) |
| **Drawaarde - einde van die fin jaar** | **2 500 000** | **446 000** | **(d)** |
| Kosprys | 2 500 000 | 750 000 | 258 000 |
| Opgehoopte waardevermindering | 0 | (304 000) | ? |

**Addisionele inligting ten opsigte van vaste bates:**

- 'n Voertuig is verkoop teen drawaarde op die LAASTE dag van die finansiële jaar. Waardevermindering is afgeskryf op voertuie teen 20% p.j. op die verminderde saldo-metode.
- Grond & Geboue is teen kosprys gedurende die finansiële jaar verkoop.

**D.**

| **Handel en ander ontvangbares sluit in:** | **31 Oktober 2025** | **31 Oktober 2024** |
|---|---|---|
| SAID: Inkomstebelasting | R22 500 | 0 |

**E.**

| **Handel en ander betaalbares sluit in:** | **31 Oktober 2025** | **31 Oktober 2024** |
|---|---|---|
| SAID: Inkomstebelasting | 0 | R27 500 |
| Aandeelhouers vir dividende | R450 000 | R385 000 |

**F. Besonderhede van gewone aandelekapitaal:**

- Gewone aandelekapitaal aan die begin van die 2025-finansiële jaar het bestaan uit 700 000 gewone aandele, totale waarde R3 150 000.
- Op 1 November 2024, is 50 000 addisionele aandele uitgereik teen R6,00 elk.
- Daar was geen ander veranderinge aan die aandelekapitaal nie.

**G.** Die dividende (tussentydse en finale) vir die finansiële jaar geëindig 31 Oktober 2025 het R825 000 beloop.

## AKTWITEIT 12 (Kontantvloeistaat; Verdelingsrekening; berekening en vertolking van finansiële aanwysers

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Cobra Bpk wat op die JSE genoteer is.

**GEVRA:**

12.1 Gebruik die gegewe inligting om die volgende op te stel:
- Die nota vir kontant uit bedrywighede gegenereer
- Die Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 30 April 2025
  (toon bewerkings in hakies waar notas nie verlang word nie)

12.2 Stel die **Verdelingsrekening** op.

12.3 Bereken die finansiële aanwysers wat deur **(a) tot (e)** aangedui word.

12.4 Verduidelik waarom die aandeelhouers tevrede sal wees, al dan nie, met die dividende, verdienste en opbrengs verdien. Haal gepaste finansiële aanwysers aan om jou antwoord te staaf.

12.5 Lewer kommentaar oor die likiditeit van die maatskappy. Haal aan en verduidelik VIER finansiële aanwysers om jou antwoord te staaf.

12.6 Lewer kommentaar oor die finansiële geratheid van die maatskappy. Verduidelik en haal finansiële aanwysers aan om jou antwoord te staaf.

**INLIGTING:**

**FINANSIËLE AANWYSERS**

| | **2025** | **2024** |
|---|---|---|
| Bedryfskapitaalverhouding | 1,1 : 1 | 1,6 : 1 |
| Vuurproefverhouding | **(a)** | 0,7 : 1 |
| Voorraadomsetsnelheid | **(b)** | 2,3 keer |
| Debiteure-invorderingsperiode | 24 dae | 43 dae |
| Krediteure-betalingsperiode | 30 dae | 43 dae |
| Skuld-ekwiteitverhouding | **(c)** | 0,7 : 1 |
| Netto batewaarde per aandeel | **(d)** | 79 sent |
| Verdienste per aandeel | 19,9 sent | 12,5 sent |
| Dividende per aandeel | 21 sent | 12 sent |
| Opbrengs op aandeelhouersbelang (OOAHB) | **(e)** | 19,6% |
| Opbrengs op totale kapitaal aangewend (OOTKA) | 24,5% | 17,1% |
| Rente op lenings | 14% | 14% |

**COBRA BPK**
**BALANSSTAAT OP 30 APRIL**

| | **2025** | **2024** |
|---|---|---|
| **BATES** | 2 237 500 | 1 714 400 |
| **Nie-bedryfsbates** | | |
| Vaste bates | 1 917 500 | 1 514 400 |
| Beleggings | 320 000 | 200 000 |
| | | |
| **Bedryfsbates** | 854 300 | 999 600 |
| Voorraad (alle voorraad) | 575 000 | 650 000 |
| Handel en ander ontvangbares (insluitend SAID) | 276 300 | 244 600 |
| Kontant en Kontantekwivalente | 3 000 | 105 000 |
| **TOTALE BATES** | **3 091 800** | **2 714 000** |
| **EKWITEIT EN LASTE** | | |
| **Aandeelhouersbelang** | 1 564 800 | 1 286 000 |
| Gewone aandelekapitaal (sien inligting nr. 4 hieronder) | 1 344 000 | 960 000 |
| Behoue inkomste | 220 800 | 326 000 |
| | | |
| **Nie-bedryfslaste** | 740 000 | 800 000 |
| Verbandlening: Bukha Bank | 740 000 | 800 000 |
| | | |
| **Bedryfslaste** | 787 000 | 628 000 |
| Handel en ander betaalbares | 372 000 | 404 000 |
| Aandeelhouers vir dividende | 273 000 | 224 000 |
| Oortrokke bank | 142 000 | |
| | **3 091 800** | **2 714 000** |

**ADDISIONELE INLIGTING**

1. **Die Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat) vir 2025 toon die volgende:**

| | |
|---|---|
| Verkope | R3 500 000 |
| Koste van verkope | R2 200 000 |
| Rente-uitgawes | R 104 000 (alle verskuldigde rente is betaal) |
| Waardevermindering | R 207 300 |
| Inkomstebelasting | R 151 200 |
| Netto inkomste na belasting | R 388 800 |

2. **Vaste bates:**

Verouderde vaste bates is teen drawaarde gedurende die jaar vir R145 000 verkoop.

3. **Inkomstebelasting:**

Vir die afgelope twee jaar, het die voorlopige belastingbetalings die belasting vir die jaar oorskry. Die bedrag deur SAID verskuldig is in Handels- & ander ontvangbares ingesluit. SAID skuld R11 600 op 30 April 2024, en R7 300 op 30 April 2025.

4. **Gewone aandelekapitaal:**

| | |
|---|---:|
| 1 600 000 uitgereikte aandele op 1 Mei 2024 | R960 000 |
| 800 000 aandele is op 1 November 2024 uitgereik | R576 000 |
| 300 000 aandele is op 28 Februarie 2025 teen 95c per aandeel teruggekoop | ? |

5. **Dividende:**

- 'n Tussentydse dividend van 8c per aandeel is op 1 Oktober 2024 betaal.
- 'n Finale dividend van 13c per aandeel is op 30 April 2025 verklaar.

